Lawrence Distrik, Pennsilvanië

Reis op die agterpaaie van Lawrence Distrik en kry 'n kykie op die wel en wee van die derde grootste Ouorde-Amish-gemeenskap in Amerika. Die dorpies Volant en New Wilmington is beslis 'n besoek werd. Kom verdwaal in die doolhof van die Villa Maria Retreat Center. Vergaap jou aan die katedraal van die Skotse Rite of die Victoriaanse herehuise. Of sien waarom New Castle die vuurwerksetel van die wêreld is. Kom ry kameel by die Living Treasures Animal Park, ry oor die oordekte brug by McConnell's Mill State Park, ry kano op die Connoquenessingspruit digby Ellwood City, of geniet 'n uitvoering by die New Castle Playhouse. Sluit jou Americana-tog dan af met 'n besoek aan die vryheidstandbeelde in New Castle en Ellwood City.

Lawrence County Tourist Promotion Agency
1-888-284-7599 • VisitLawrenceCounty.com

Mercer Distrik, Pennsilvanië

Die nasionale paaie 79 en 80 kruis in die Mercer Distrik, 'n uur se ry noord van Pittsburg. Die distrik het skilderagtige vergesigte maar is ook 'n inkopieparadys. Van die opwindende winkels is Reyers, die wêreld se grootste skoenwinkel, Prime Outlets by Grove City met oor die 140 winkels, Kraynak's met sy Kersvadereiland en Paashaaswandelhal, en The Winner, die wêreld se grootste afslagprys-modewinkel. Ander trekpleisters is Slovak Folk Crafts vir handgemaakte kuns, die Wendell August Forge waar op die óú manier gesmee word, die Victoriaanse deel en Courthouse Square, en die sjokoladelekkerfabriek by Daffin's of Philadelphia Candies waar jy kan smul.

Mercer County Convention & Visitors Bureau
1-800-637-2370 • visitmercercountypa.com

Washington Distrik, Pennsilvanië

Net suid van Pittsburgh lê Washington Distrik, wat bekend is vir die prehistoriese laer en ander Amerikaanse Mylpale. In die oggend kan jy die oeroue Meadowcroft-rotsskuiling besoek, sien waar die whiskeyopstand plaasgevind het, uitvind waar die begrip van die "ondergrondse trein" vandaan kom, en dan jou toer afsluit by die meer moderne Pennsylvania Trolley Museum. In die namiddag is daar uitvoerings by die Little Lake Theatre, dobbel en wedrenne by The Meadows, en opwindende bofbal by Wild Things. By die kruisplek van die nasionale paaie 70 en 79 kom die wilde én die milde bymekaar.

Washington County Tourism Promotion Agency
1-866-927-4969
visitwashingtoncountypa.com

Pittsburgh en sy platteland

visitpittsburgh.com

Pittsburgh en sy platteland is vol aangename verrassings.

Kom beleef die opwinding van 'n stad en die skilderagtige, ontspanne sfeer van sy platteland. Of dit jou bestemming is of bloot 'n oorstaanpunt op jou reis, daar is volop geleentheid om te ontspan of die omgewing te verken en ontdek.

AFSTANDE	
Cleveland, OH	170 km
Buffalo, NY	260 km
Columbus, OH	320 km
New York Stad, NY	620 km
Philadelphia, PA	560 km
Toronto, Ontario, Kanada	420 km
Washington, DC	460 km
Baltimore, MD	400 km

dink net wat jy als hier kan doen

Allegheny Distrik en die Stad Pittsburgh, Pennsilvanië

'n Mens kom gou agter dat Pittsburgh die perfekte kombinasie is van nuwe giere en gevestigde maniere. Pittsburgh is aangewys as een van die beste reisbestemmings ter wêreld (*Frommer's*-reisgidse). Die stad spog met talle bekostigbare tydverdrywe, museums, 'n kulturele buurt, rustieke woonwyke en unieke besienswaardighede wat jy nêrens anders sal vind nie. Bekyk oorspronklike kuns by die Andy Warhol Museum, of laat die uitsig by PNC Park, wat as die beste speelveld in hoofligabofbal beskou word, jou asem wegslaan. Neem 'n rit op die 130 jaar oue tandratspoor, en jy sal sien waarom Pittsburgh so 'n unieke ervaring aan sy besoekers bied. Pittsburgh. Wat 'n aangename verrassing!

VisitPittsburgh
1-877-LOVE PGH (568-3744) • visitpittsburgh.com

Hierdie brosjure is met groot sorg en omsigtigheid vertaal. As daar nietemin foute in voorkom of as enige iets onduidelik is, vra ons om verskoning.

Vir besoekers uit **SUID-AFRIKA**

Armstrong Distrik, Pennsilvanië

Armstrong Distrik is alom bekend vir sy skoonheid. Dis maar 40 minute se ry van Pittsburgh geleë. Die magtige Alleghenyrivier vloei deur dié distrik. Daar is 'n verskeidenheid interessante dinge om in dié distrik te doen. Stap oor golwende heuwels, hengel in kristalhelder waterstrome, of stap of ry fiets in die woude. Speel 'n rondte gholf op een van die vele gholfbane, ry die trein by Kiski Junction, lees oor jou stamboom na of ontdek nuwe maniere om jou tyd in ons kontrei te verwyl.

Maak van Armstrong Distrik die plek waar jy jou volgende avontuur gaan hê! Kom ontdek die hartjie van Wes-Pennsilvanië... kom en geniet dit!

Armstrong County Tourist Bureau
1-888-265-9954 • armstrongcounty.com

Beaver Distrik, Pennsilvanië

Beaver Distrik is een van die streek se bes bewaarde geheime. Dit is net 'n paar minute se ry noord van Pittsburgh. Hier kry jy stukkies geskiedenis en moderne geriewe in 'n aangename kleindorpse atmosfeer. Kom kyk die golwende landskap met hardehout-woude en riviervalleie. Jy moet eenvoudig die dorpie Old Economy kom besoek wat nog deur die Harmoniste gestig is. 'n Ander trekpleister is die Riverfront Antique Mall, die grootste antiekwinkelsentrum in Wes-Pennsilvanië. En vergeet nie die Merrick Art Gallery met sy meer as 200 skilderye of die Beaver Area Heritage Museum in 'n opgeknapte 90 jaar oue vragspoorstasie nie.

Beaver County Recreation & Tourism Department
1-800-342-8192 • visitbeavercounty.com

Butler Distrik, Pennsilvanië

Daar wag avontuur op jou in die Butler Distrik! Dis net 20 minute se ry noord van Pennsilvanië. Besoek die Jennings Environmental Centre, Pennsilvanië se enigste beskermde prêrie, en 'n speelgoedwinkel in 'n sluipbomwerper! Daar is Harmony, wat 'n nasionale geskiedkundigelandmerk-distrik is, en die deelstaat se grootste mensgemaakte meer by Moraine State Park. Butler Distrik spog onder meer met twee bekroonde wynplase, twee brouerye, en 'n glasblaassentrum. Daar is 12 gholfbane in die omgewing. En besoek gerus die Maridon Museum oor Chinese en Japannese kuns en kultuur. Butler Distrik se hotelle, bed-en-ontbytplekke en kampterreine kan nie wag om jou by dié deel van die wêreld te verwelkom nie.

Butler County Tourism & Convention Bureau
1-866-856-8444 • VisitButlerCounty.com

Greene Distrik, Pennsilvanië

Greene Distrik lê noord en oos van Wes-Virginië. Dit is 1 500 km² groot, en vorm as 't ware die hoeksteen van Pennsilvanië, wat soms ook die Sluitsteen-deelstaat genoem word. In Greene Distrik-Wes vind die Jacktown Fair plaas, wat Amerika se oudste landbouskou is. In die omgewing is daar ook wandelpaaie met seldsame, bedreigde spesies. Die Waynesburg-omgewing is bekend vir sy moderne nywerheidparke en tegnologiese korridors. Landbou-liefhebbers kan uitsien na bed-en-ontbytplekke op plase en besoeke aan van die vele wynkelders. Dus of jy nou 'n wildjagter of 'n wildkýker is, moet jy Greene Distrik met sy oordekte brûe, museums, biblioteke en verskeie jaarlikse uitstallings, skoue en feeste nie misloop nie!

Greene County Tourist Promotion Agency
724-627-TOUR (8687) • greenecountytourism.org

Indiana Distrik, Pennsilvanië

Indiana Distrik is geleë aan die voetheuwels van die Alleghenyberge in die suidweste van Pennsilvanië. Kom doen iets opwindends hier of kyk die beeldskone besienswaardighede. In Indiana Distrik is daar erfenis en geskiedenis, maar ook ontspanning en kultuur. Die distrik se slagspreuk is nie verniet “It's a Wonderful Life” nie. Daar is Amish by Smicksburg, en elders is oordekte brûe, geskiedkundige besienswaardighede, byna 100 km stap- en fietsryroetes, feeste, parke, hengel- en gholfgeleenthede, en uitvoerende kunste by die Indiana Universiteit. Sien waarom is dié distrik die kersboomsetel van die wêreld! Kom ervaar ons gemeenskap se gasvryheid en bekoring.

Indiana County Tourist Bureau
1-877-746-3426 • visitindianacountypa.org

Laurel-hoogland, Pennsilvanië



Laurelhoogland is suidoos van Pittsburg geleë. Dit beslaan drie skilderagtige distrikte met skouspelagtige berge, en is propvol geleenthede! Besoek die oorde, feeste, pretparke en diereparke. Herleef uitvoerings uit die Franse en Indiaanse oorloë, en moenie die teater en ander kultuurgebeure misloop nie. Vir buitelewe-entoesiaste is daar vlotvaar, stap- en fietsrytogte oor die Great Allegheny Passage-serwituutweg, en opwindende ski by die deelstaat se grootste skioorde. Kom verstom jou aan argiteksmeesterstukke soos die drie huise van Frank Lloyd Wright, waarvan die een genaamd Fallingwater oor 'n waterval gebou is. Kom “Verken ons seisoene” en kry aangename herinneringe oor ons hooglande.

Laurel Highlands Visitors Bureau
1-800-333-5661 x108
laurelhighlands.org